

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 94 26 Augustus 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Briewe reaksie

Kennisgewings



REDAKSIONEEL

Volharding op die pad

Die volgende berig vanuit Heidelberg omgewing word met graagte geplaas. Hierdie gemeente se berig is nie die eerste of die laaste van sy soort nie. Die beleid van die susterskerke (en in die besonder die NHKA) om gehoorsaam te wees aan die ideologie van die dag, gaan maak dat denkende lidmate die opsie tot aansluiting by die GHG nog meer ernstig gaan oorweeg.

Inwyding van Suikerbosrand Gemeente 7 Augustus 2016

Gedurende Januarie 2015 het 11 diep gelowige Christene van Heidelberg, tesame met emeritus predikant ds. Jan Schroeder, besluit om 'n Geloofsbond gemeente by name - *Die Hervormde Gemeente Suikerbosrand* te stig. Sedertdien was die werke van God hier duidelik sigbaar.

Sondagoggend, 7 Augustus 2016, het daar 'n groot opgewondenheid geheers, onder lidmate, onder genooies en besoekers. Almal het heerlik langs die kerk gestaan en kuier en kon nie uitgepraat raak oor die pragtige kerk en wat vermag is die voorafgaande weke nie. Hier wás gewerk!

Almal is na die ingang genooi om stelling in te neem, waarna mev. Schroeder die voorreg gehad het om met skêr in die hand, die lint te knip wat op denkbeeldige wyse die traliehekke ontsluit het.

Die sagte orrelmusiek het pragtig bygedra tot die atmosfeer wat daar geheers het. 'n Atmosfeer van pure blydschap en dankbaarheid.

Stilte het geheers toe ds. Jan Schroeder, drie ouderlinge en vier diakens uit die konsistorie kom en waar ouderling Nico van Huysteen die handdruk van gemeenskap gegee het aan ds. Schroeder.

Ds. Schroeder het almal welkom geheet en 'n klomp bedanking gedoen voordat die erediens in aanvang geneem het. Die Skrifgedeelte was vanuit Rigters 6 en ds. Schroeder het gemeld dat dit nie 'n maklike taak was om 'n gepaste Skrifgedeelte en teks voor te hou vir hierdie belangrike gebeurtenis nie.

'n Klein gemeente het 'n eie kerkgebou bekom deur die genade van God. Op sy kanselkleed staan daar: "So spreek die Here." Armoede in die kerk word nie gemeet in rand en sent nie, maar word veroorsaak deur die versaking van die reformatoriese belydenis, dat Jesus die Christus, die Seun van die Lewende God, die enigste weg tot God is. Die enigste manier om 'n kerk te red, is die belydenis, die geloof dat Jesus die Christus is. Die ware verkondiging van die Woord, maak van 'n eenvoudige gebou, kerkgebou. Na aanleiding van Gideon wat 'n teken gesoek het en dié ook gekry het, hoef ons as gemeente nie vandag meer vir enige tekens te soek nie. Die tekens is reeds daar nl. die kruis, die oop graf en die geopende

hemel. God het ons reeds in ons harte oortuig waar ons heil lê.

Na die erediens is groeteboodskappe voorgelees wat ontvang is vanaf die voorsitter van die Geloofsbond, dr. Otto, asook 'n groeteboodskap vanaf prof. Pont. Gelukwensing was wyd en syd ontvang.

Hierna het almal heerlik saamgekuier by die Gemeenskapsaal van die bejaardes in Heidelberg. 'n Heerlike maaltyd was voorberei en die tafels keurig en netjies gedek. Almal het heerlik geëet en gesmul aan die heerlike en baie smaakvolle ete.

Vir almal wat die geleentheid bygewoon het, familie, vriende, belangstellendes asook 'n kollega, baie dankie. Dit was wonderlik om soveel (87) Hervormers bymekaar te kon hê wat ook hul opgewondenheid oor ons "nuwe" kerkgebou, saam met ons kom deel het. Aan ons Hemelse Vader, al die dank, lof en aanbidding. Sy genade is vir ons genoeg.

KENNISGEWINGS

Die Agenda en bylae is na al die gemeentes versend. Kerkrade word versoek om so gou doenlik te verseker dat afgevaardigdes hulle eksemplare (elektronies of gedruk) ontvang.

• BONDSDAMESBYEENKOMS

Alle dames is welkom om die Bonds-damesbyeenkoms op die Maandag by te woon. Laat weet asseblief vir ds. Frans Marais hoeveel dames u van u gemeente gaan wees.

• GELOOFSBONDKWILT 2016

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n koningsgrootte laslappiekombers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

R30 000 is ingesamel

Hierdie jaar het ons dit weer gedoen, elke Bondsgemeente is geleentheid gebied om blokke vir die tweede geskiedkundige kwilt in te stuur. Die blokke is aanmekeargeheg soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekeer gebind is.

Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.

Lootjielyste is beskikbaar en kan bestel word by Ella Joubert per adres: ella@teamworkprinters.com.

Die eerste uitbetaling(s) word tydens die Bondsvergadering se opening gedoen.

Advertensies

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg: https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

• Vakansiekompetisie: Premiermyn

Ondersteun gerus Premiermyn se vakansiekompetisie en gaan rus by die Wildekus. Daar is 'n eerste, 'n tweede en 'n derde prys te wen. Twee vakansies te Port Edward of 'n week in die Langkloof is die tweede en derde pryse.

• BASAAR Hervormde Kerk Premiermyn

Nou Saterdag 27 Augustus 2016 hou Premiermyn hulle jaarlikse basaar vanaf 09:00. Die tema is EN TOE ... Geliefde sprokieskarakters gaan daar wees. Gepetto se werkwinkel werk hard om alles reg te kry. Pap en kaaings Vrydagaand beskikbaar. Bel **Alta** vir besprekings: **082 682 1252**

• BASAAR: Meyerspark Hervormde Kerk

Saterdag 10 September 2016 vanaf 09:00 Kom wen: Luukse vakansie in 'n huis op die dorpie Elysium (tussen Scottburgh en

Hiberdeen) en luukse vakansie in Marlothpark

Kom beleef: Helikopter Simulator

Kom kyk: Mercedes demonstrasie

Kom eet: Pannekoek, jafels, kerrie-en-rys, poedings, lekkergoed, ens...

Kom koop: Wit olifante

Kom speel: Springkasteel, waterglybaan.

E-pos: hkmeyerspark@lantic.net of

frans.oosthuizen@geloofsbond.org.za of

Tel: 012 803 7528 / 071 889 2175

- **Oornag fasiliteite** by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- **Geloofsbondpreke**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag

nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op *whatsapp* beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

- **Drukwerk**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.c

SPROKIES FEES
Premiermyn Hervomde Kerk Cullinan
Maak reg vir 'n avontuurlike dag!

Vrydagaand
26 Augustus 2016
PAP EN KAIINGS

WANNEER?
SATERDAG
27 AUGUSTUS HOE LAAT?

BASAAR!
SPELETJIES VIR KINDERS! **08:00 - 15:00**

Vetkoek, Pannekoek, Kerrie & Rys,
Tuisgebakte Brood, Nagereg, Koeksisters!

KOM KUIER SAAM **KONTAK GERUS VIR**

Zonderwaterweg, Cullinan
(Dorkant Landdros Kantoor),
E028°32.188 S025°40.672

Alta by 082 682 1252
of Dina by 082 410 6823

BASAAR

10 Sept.
09:00 vm.

Herv. Kerk Meyerspark
Havelock Str. 15
Wilgerpark
Navrae: 071 889 2175

Maak 'n donasie van R100-00
en staan 'n kans om 'n
7 dae seevakansie vir 4 persone te wen

Eden Palms, Palm Beach,
Port Edward

Trekking:
13 November 2016

Kontak Hans Esterhuizen
vir verdere besonderhede by
084 581 2905

